



KONTRAK

1. **LEEF** Oranje se Erekode.
2. Slegs **EEN** persoon praat op 'n keer in 'n klas.
3. Wees **BETYDS** in die klas en gee opdragte **STIPTELIK** in.
4. Niks word in die klas of in die eksamenlokaal **GELEEN** nie.
5. Laat die badkamers so **SKOON** soos wat jy dit wil ontvang.
6. Die gebruik van **KOUGOM** is streng verbode wanneer jy op die skoolterrein is, of wanneer jy in skooldrag is.
7. Wees **TROTS** op jou klas en die terrein en hou dit netjies. Alle lekkergoedpapiere moet in vullisblikke gegooi word.
8. **TABLETTE, SELFONE EN ANDER ELEKTRONIESE TOERUSTING**
 - Tablette is 'n nuuttjie en moet met groot versigtigheid hanteer word:
 - Dit moet **vol** gelaai soggens by die skool aankom. Hier is nie laaigeriewe nie.
 - Indien 'n leerder gedurende klastyd met die tablet oortree (bv. speletjies, ander domeine besoek, facebook, internet en ander) word die tablet onmiddellik ingeneem.
 - Die leerder kry dit die volgende oggend terug met 'n boete van R50 betaalbaar by finansies. Sy dra die gevolge van die huiswerk of toetsleerwerk wat nie gedoen kon word nie.
 - Tablette, selfone, selfoonhorlosies en ander elektroniese toerusting word op eie risiko skool toe gebring. Die skool aanvaar geen aanspreeklikheid vir skade aan of verlies van enige sodanige toerusting nie. Selfone mag nie sigbaar óf hoorbaar wees nie (pouses uitgesluit).
 - Indien 'n leerder die reël oortree, sal die betrokke toestel gekonfiskeer word en die leerder kan dit die volgende dag by die kantoor kom afhaal.
 - **GEEN** selfoon in eksamen- of toetslokaal nie.
 - **GEEN** slim-horlosies in eksamen- of toetslokaal nie.
9. **RESPEK**
 - Praat met die onderwyser en met mekaar met respek.
 - Respekteer gaste - **STAAN OP** en **GROET** beleefd.
 - Respekteer jou eie liggaam - jy is die kroon van die skepping - moenie rook, drink, dwelms gebruik of vloek nie.
 - Respekteer ander se besittings - moenie **STEEL** nie!
 - Pas die skoolbanke op - moenie daarop skryf nie.

10. ALGEMENE VOORKOMS

10.1 Hare

- Te alle tye netjies geknip, versorg en gekam.
- Kuiwe wat aan die wenkbroue raak, moet gesny of vasgesteek word.
- Hare wat aan die onderkant van die baadjie se kraag raak, moet vasgesteek word.
- Geen haarkleursels of sonstrepe nie.
- Ingevegde haarstukke mag deur die dogters met “African hair” gedra word.
- Geen gel nie.
- Slegs wit haarbyeenkomstighede, of haarrekkies gekoop by @OMS by somersdrag en vlootblou by wintersdrag.
- Geen breë kopbande nie.
- Geen haarstyle in die voorkoms van ’n “voëlne” bo-op die kop nie.
- Geen los hare wat langs die gesig/voor die ore afhang nie. Alles moet netjies vasgesteek word.

10.2 Juweliersware

- Een paar gaatjies met klein en smal (1 mm) silwer of goue ringetjies (nie groter as ’n 10c-stuk of klein bolletjies (maksimum 4 mm in deursnee) in die onderste gaatjie van die ore. Geen pleisters op ongeoorloofde oorkrabbetjies nie.
- Slegs goedgekeurde, skoolverwante lapelwapens word toegelaat.
- Geen armbande (in enige vorm) of hangertjies word toegelaat nie (bv. Nomination)
- Alle ongeoorloofde juweliersware sal gekonfiskeer word en kan aan die einde van die kwartaal by die kantoor afgehaal word.
- Slegs gr. 12’s mag die **VOORGESKREWE** pêreloorkrabbetjies van HDL dra.

10.3 Grimering

- **GEEN** grimering word toegelaat nie.
- Geen vals/verlengde wimpers nie.
- Wenkbroue en wimpers mag nie getint word nie.

10.4 Naels

- **Kort geknip en netjies versorg.**
- Wanneer die handpalms na bo gedraai word, mag die naels nie by die vingerpunte verbysteek nie.
- Geen naellak word toegelaat nie.

10.5 Tatoeëer

- **Geen sigbare tatoeëertekens** word tydens skoolaktiwiteite toegelaat nie. (Nie eers in skoonheidskompetisies word dit toegelaat nie).

10.6 Klere

Matrieks

- Geen gekleurde onderklere nie.

6.4

- Geen geleerde kouse nie.

Pampoenrok

- Gewas, gestryk met gordel.
- Die rits moet opgetrek wees.
- Lengte: 10 cm van die grond as jy kniel.

Skoene

- Blink gepoets!

11. **AFWESIGHEDE**

- Slegs 'n **MEDIESE SERTIFIKAAT** is aanvaarbaar vir die afwesigheid tydens 'n toets of eksamen. Toetse word elke Dinsdag en Donderdag gedurende die eerste kwartaal, en elke Dinsdag en Vrydag gedurende die tweede tot vierde kwartaal, geskryf. (**Let op uitsonderings**). Indien versuim word om 'n mediese sertifikaat in te gee, sal sodanige leerder 0 (nul) vir die toets/eksamen behaal. Indien 'n mediese sertifikaat ingedien is, sal 'n tweede toets (siektoets) geskryf word op 'n datum en tyd bepaal deur die skool/personeel.
- Alle leerders wat afwesig is, moet vóór 08:00 skakel, sodat ons jou nie soek nie. 'n Mediese sertifikaat moet op die dag wat die leerder terug is, by die registeronderwyser ingegee word.
- **GEEN VERLOF** om die eerste of laaste skooldag afwesig te wees, word toegestaan nie. Skoolbesoek is elke skooldag van die laaste week van die kwartaal verpligtend.
- Indien 'n leerder (met 'n mediese sertifikaat, skoolaktiwiteit) 'n toets misloop, sal 'n tweede toets (siektoets) geskryf word op 'n datum en tyd bepaal deur die skool/personeel.
- Indien sy steeds siek is (operasie), word die mediese sertifikaat aanvaar. Sy kom dan in aanmerking vir die boekprys.
- Indien die toets nie tydens die tweede geleentheid geskryf word nie, kan sy nie in aanmerking kom vir die prysuitdeling se boekpryse of 1e, 2e of 3e posisie nie. Geen uitsondering word gemaak nie.

12. **VERLOF GEDURENDE SKOOLURE**

- Geen leerder mag gedurende skoolure sonder toestemming die skoolterrein verlaat of die koshuis besoek nie.
- Leerders wat ongesteld voel, moet by die Departementshoof aanmeld. Die Departementshoof sal 'n toestemmingsbrief om die skoolterrein te verlaat, aan die leerder oorhandig. Ouers moet by die kantoor aanmeld, indien hulle hul kinders kom oplaai. Die toestemmingsbrief moet by die hek getoon word alvorens die leerder toegelaat sal word om die terrein te verlaat.
- Koshuisleerders moet nadat hulle by die Departementshoof aangemeld het, die toestemmingsbrief laat teken deur Mnr. Theart – Joostehuis en mej. Marais – Le Rouxhuis, voordat hulle koshuis toe gaan.
- Waar 'n leerder gedurende skoolure 'n buite-afspraak moet nakom, sal die Departementshoof slegs toestemming gee indien die ouer dit twee dae voor die afspraak skriftelik versoek. Hierdie afspraak sal slegs in uitsonderlike gevalle toegestaan word.
- Ouers moet vooraf met die dogter reël wanneer sy opgelaai gaan word. Die interkom word nie hiervoor gebruik nie.

13. **WERKETIEK**

- Geen onderwyser word verantwoordelik gehou vir portefeuljes wat huis toe geneem word of waarvan inligtingstukke verwyder word nie.

6.4

- Geen gebruik van Tipp-ex.
- Geen uitveerbare penne nie - die ink verdwyn later.
- Geen plagiaat – elke leerder sal 'n uitdeelstuk ontvang wat aandui hoe verwysings gebruik moet word.

14. PRYSUITDELING

- Te veel leerders is te maklik afwesig tydens toetse en eksamens. Dit trek 'n leerder se punte skeef en die afwesighede bevoordeel die punte. Daarom die volgende reëling:

Die prysuitdeling vind plaas op grond van die kwartaaluitslae:

Die rekenaar verwerk die prysuitdeling volgens die punte, nie die onderskeie kwartale se persentasies nie.

15. BALKIES

- Slegs **een** balkie per aktiwiteit word aan die skoolbaadjie gewerk, bv. een hokkiebalkie en een vergulde hokkiebalkie - al kry jy vyf hokkiebalkies gedurende jou hoërskoolloopbaan.
- Alle Primêre Skool-balkies word in gr. 8 verwyder.
- Die dra van naamplaatjies is verpligtend.

16. STRAF

- Indien enige leerder die reëls op die kontrak oortree, sal sy dienooreenkomstig gestraf word.
- Die ouers sal deur die Departementshoof geskakel word.

OMS: REËLS EN REGULASIES

KONTRAK 1 - (OUER(S)/VOOG(DE): Hiermee erken ek/ons ouer(s)/voog(de)/leerder(s) dat ek/ons die kontrak ontvang en gelees het.

Een kontrak bly in besit van die ouer en die ander kontrak in besit van die leerder. Voltooi beide vorms en gee dit aan die klasbestuurder.

HANDTEKENING**DATUM**

Ouer:

KONTRAK 2 (LEERDER)**HANDTEKENING****DATUM**

Leerder:
